

HOOFSTUK 1

1. Inleiding en probleemstelling

1.1 Inleiding

In onderwys word vernuwing, ontwikkeling en verandering op die gebied van kurrikulum, taal, etiek, ekonomie, sosiale en kulturele diversiteit en toenemende skoolgerigte en skoolverwante probleme en kommerwekkende vlakke van werkloosheid ervaar en beleef. Onderwysstelsels as dinamies aanpasbare stelsels moet verander om effektief in die veranderde onderwysbehoefte van die groep leerders, vir wie so 'n onderwysstelsel ontwikkel is, te voorsien. In die literatuur fokus skrywers soos Avalos (1991:169-175), Fuller en Kapakasa (1991: 119-127) op die kwaliteit, bevoegdheid en bekwaamheid van die onderwyser as 'n belangrike faktor in die kwaliteit en kwantiteit van onderwysvoorsiening veral binne veranderde onderwysomstandighede. Die onderwyser se eie vlak van onderwyskwalifikasie en opleiding, professionele vermoëns, ervaring en vakkennis het 'n impak op die prestasie van skoolleerders as eindresultaat van die skoolloopbaan. Die vraag is egter of onderwysers self die vermoë het om standaarde op te hef en aan te pas by die moderne wêreld. Chapman (soos aangehaal deur Hofmeyr en Hall, 1996:13) gee 'n antwoord: "Consequently, teacher training is the single most widely employed strategy to improve instructional quality in the Third World."

Die voorsiening van doeltreffende Skoolgerigte Indiensopleiding en Ontwikkeling (SIDOO) aan die onderwyser binne die raamwerk van 'n effektiewe Deurlopende Professionele Ontwikkelingsprogram (DPO) word

gereken as een van die belangrikste wyses waardeur die relevante kennisvlak en vaardighede van onderwysers verbeter kan word (McRory, 1995:5, 6).

Binne verskillende scenario's kan DPO- en SIDOO-programme byvoorbeeld voorsien word deur die skool self, naamlik skoolgebaseer en dit hou in dat die skool alle bronne soos mannekrag, kundigheid, tyd en geld ten opsigte van die programme voorsien. Ander scenario's is dat SIDOO en DPO voorsien kan word deur die Nasionale Departement van Onderwys, die Provinsiale Departemente van Onderwys, NRO's (nie-regerings, onderwysgerigte organisasies), die privaatsektor, skoolgroeperinge ("school clusters"), professionele onderwysersentrums, en oorsese projekte byvoorbeeld die MPSI (Mpumalanga Primary Schools Initiative) 'n Britse projek in Mpumalanga.

Verskeie navorsingsprojekte en SIDOO-projekte is aktief en word bestuur deur die PEI (President's Education Initiative Research Committee, 1998) bestuur. In Aanhangsel C van die PEI-navorsingsverslag (1998) word 'n uiteensetting gegee van die navorsings- projekte. Hoofsaaklik word vier temas aangespreek, naamlik onderrig in groot klasse, meertalige onderrig, meergrade onderrig en totale skoolontwikkeling.

Op nasionale vlak is die onderwysdepartement druk besig om 'n professionele onderwyserontwikkelingsentrum op te rig wat ten doel sal hê die voorsiening van SIDOO aan alle onderwyspersoneel. Die sentrum moet beleid bepaal en rigting aan alle indiensopleidingsaktiwiteite gee. Wat SIDOO-programme betref, moet daar 'n balans en prioritisering wees tussen nasionale behoeftes aan die een kant en skooloutonomie en individuele behoeftes aan die ander kant (Hindle, 1998:3). Die Nasionale Onderwysdepartement dui aan in die Corporate Plan (1996:16,17) onder doelwit vier, naamlik "To develop programmes for the provision of Further Education and Training" dat erns gemaak gaan word met die voorsiening van SIDOO aan onderwysers.

Aanvullend tot die doelwit word daar ook vier prestasieindikatore geïdentifiseer vir die meting van sukses in die implementering van indiensopleidingsprogramme in verdere opleiding.

Skrywers soos Manganyi (1997:12), Ncolo (1997:23) en De Wee (1997:37,67) verwys na die belangrikheid van SIDOO binne 'n nasionale en provinsiale rigtingaanduidende beleid vir die indiensopleiding van onderwysers, totale skoolontwikkeling, bemagtiging van onderwyspersoneel, en die vestiging van 'n kultuur van lewenslange leerontwikkeling.

In die internasionale literatuur is daar eenstemmigheid oor die hoofogmerke wat met DPO- en SIDOO-programme bereik moet word, naamlik (EURYDICE, 1995:8):

- professionele en persoonlike ontwikkeling van onderwysers,
- die verbetering van die kwaliteit van die onderwysstelsel,
- die verbetering van onderwysvoorsiening aan alle leerders,
- deurlopende blootstelling van onderwysers aan nuwe onderrigmetodes, en
- die verbreding van relevante kennis betreffende die sosio-ekonomiese omgewingsmilieu waarin onderwys aan leerders voorsienf word.

Hoë kwaliteit relevante onderwys moet voorsien word in 'n poging om die steeds toenemende werkloosheidsprobleem te verlig en om die ekonomie op die drie regeringsvlakke (nasionaal, provinsiaal en plaaslik) te stimuleer binne 'n steeds toenemende kompeterende wêreldomgewing (EURYDICE, 1995:7).

Die klem in skole moet val op die proses van leer en onderrig. Leerders het 'n behoefte aan nuwe relevante kennis en vaardighede waarvan die uitkomste hulle in hierdie nuwe situasies in staat sal stel om effektief te kan wees. Die leerder se soeke na nuwe vaardighede moet deur die onderwyser benut word. Die spoed van verandering en daarmee saam die kennisontploffing vereis dat onderwysers self 'n kultuur van lewenslange leer en opleiding moet aankweek.

Die verantwoordelikheid wat onderwysers teenoor leerders het, plaas druk op die gehalte van indiensopleidingsprogramme van onderwysers, soos Dean (1991:1, 3) dit stel: "There is stress on accountability."

In alle lande, meer bepaald in ontwikkelende lande, bestaan daar 'n korrelasie tussen die gehalte van onderwys en onderwysers, wat 'n direkte resultaat is van die kwaliteit van die voordiensopleiding en SIDOO van onderwysers, die gehalte van onderwysuitsette en die beskawingspeil van die land (RGN, 1981: 44, 45). In hierdie konteks is dit verstaanbaar dat vir effektiewe onderwys daar eiesoortige verwagtinge aan onderwysers gestel word ten einde onderwysuitsette te optimaliseer. Die verantwoordelikheid wat onderwysers het teenoor leerders, die gemeenskap en die professie vereis voortdurende selfevaluasiestrukture en analise van die kurrikulum, sillabi, didaktiek en ander aspekte soos bepaal deur die onderwysstelselbeleid. Uit hierdie behoefteanalise moet 'n SIDOO-program ontwikkel word wat ten doel het die totale professionele ontwikkeling van die onderwyser binne die skoolgerigte en skoolgebaseerde paradigma wat sal meehelp tot die kweek van 'n kultuur van lewenslange leer en opleiding. SIDOO moet volgens die James-verslag, 1972 (soos aangehaal deur Soobiah 1989:119) in skole begin.

DPO en SIDOO moet so ontwikkel word dat alle onderwysers in alle fases van onderwys en loopbaanontwikkeling deurlopend professioneel kan ontwikkel. Om die rede behoort die nadruk te wees 'n holistiese benadering tot SIDOO binne die raamwerk van 'n goedbeplande program van DPO aan onderwysers. DPO- en SIDOO-programme sal noodwendig herontwikkel moet word om die veranderde paradigmas in te sluit, naamlik van 'n eenmalig "single shot" gerigte SIDOO na DPO van onderwysers. Die paradigmaskuif beteken 'n verandering vanaf

- replika na refleksie;
- afsonderlike leer na leer in 'n groep; en

- van teks-gesentreerde leer na bevoegdheidsgesentreerde uitkomste volgens die beginsels van uitkomsgebaseerde onderwys en uitkomsgebaseerde assessering (Dilworth en Imig, 1995:5).

Hierdie paradigma verskuiwing van SIDOO in Suid-Afrika moet geskied in ooreenstemming met nuwe eise soos uiteengesit in dokumente soos die verslag van 'n ministeriële kommissie vir die ontwikkeling van die NKR (Nasionale Kwalifikasieraamwerk), NQF (1996:4-37) en die dokument Norme en Standaarde vir Onderwyseropleiding (1998) van die Departement van Onderwys, algemeen bekend as die COTEP-dokument. Uit die voorafgaande is dit duidelik dat SIDOO binne die beginsels en raamwerk van 'n deurlopende professionele ontwikkelings program (DPO) deeglik beplan moet word.

In die Suid-Afrikaanse konteks is DPO en SIDOO van onderwysers 'n belangrike strategie vir die heropbou van, en nuwe uitdagings aan die onderwys in Suid-Afrika. Om werklik effektief te kan wees sal SIDOO van onderwysers in vennootskap met alle belangegroepe in onderwys moet funksioneer. Uit die voorafgaande uiteensetting kan die volgende navorsingsprobleme gestel word, naamlik:

- Wat impliseer die aard van SIDOO vir onderwysers?
- Wat is die aard en omvang van DPO van onderwysers?
- Kan DPO en SIDOO van onderwysers binne die raamwerk van die nasionale onderwysstelsel van Suid-Afrika beplan word ten einde in die indiensopleidingsbehoefte van onderwysers te voorsien?

1.2 Doel van die navorsing

Die navorsingsdoelstelling is om deur navorsing die moontlikhede van DPO en SIDOO van onderwysers as integrerende deel van die onderwysstelsel te ondersoek.

Die volgende navorsingsdoelwitte word gestel, naamlik

- om die aard en betekenis van 'n SIDOO program vir onderwysers te beskryf;
- om die aard en omvang van 'n skoolgerigte en skoolgebaseerde DPO vir onderwysers te beskryf;
- om deur middel van 'n vraelys spesifieke inligting ten opsigte van die voorsiening van SIDOO binne 'n raamwerk van DPO vanaf teikengroepe te verkry; en
- om verskillende scenario's vir effektiewe SIDOO en DPO te ontwikkel.

1.3 Navorsingsmetode

1.3.1 Literatuurstudie

Primêre en sekondêre bronne is geraadpleeg. Gegewens wat versamel is, is oorweeg en geëvalueer sodat daar tot betekenisvolle gevolgtrekkings gekom is. 'n DIALOG- en RGN-soektog is geloods met onder andere die volgende trefwoorde, naamlik INSET, indiensopleiding van onderwysers, "faculty development", professionele ontwikkeling, personeelontwikkeling en "staff development" en "school development".

1.3.2 Empiriese navorsing

1.3.2.1 *Vraelys*

Inligting wat uit die literatuurstudie verkry word, is gebruik om 'n gestruktureerde vraelys op te stel. Die doel met die vraelys is om die onderwysers se behoeftes en voorkeure ten opsigte van DPO- en SIDOO-programme en aktiwiteite te bepaal.

1.3.2.2 Populasie

De Wet (soos aangehaal deur Mentz, 1990:158) beskryf populasie as al die lede van een of ander duidelik gedefinieerde groep mense. Vir die doeleindes van hierdie navorsing is 'n steekproef gebruik van onderwysers verbonde aan skole in Mpumalanga. Mpumalanga is gekies omdat die steekproef hanteerbaar is in terme van koste en bereikbaarheid. Die vraelys is onder skoolhoofde en onderwysers van geselekteerde skole in Mpumalanga (N=250) versprei. Vir die doeleindes van hierdie studie is pre-primêre, primêre, sekondêre, en gekombineerde skole geïdentifiseer in vier distrikte van Mpumalanga. Die vier distrikte is gekies omdat die skole in die distrikte maklik bereikbaar is en alle skooltipes vir die navorsingsdoeleindes teenwoordig is, naamlik stedelik, semi-stedelik, landelik, plaasskole en mynskole. In Tabel 4.1 word 'n uiteensetting gegee van die aantal vraelyste versprei, aantal skole betrek en vraelyste terugontvang.

1.3.2.3 Statistiese tegniek

Die data verkry uit die vraelys is met behulp van 'n rekenaarprogram verwerk. 'n Toepaslike tegniek is in oorleg met die statistiese konsultasiediens van die PU vir CHO gebruik word.

1.4 Die afbakening van die studieterrein in terme van begripsverklarings

Die terrein van navorsing kan deur die volgende begrippe, wat almal later meer volledig verklaar word, afgebaken word:

1.4.1 Skoolgerigte Indiensopleiding en Ontwikkeling van onderwysers (SIDOO)

Die Skoolgerigte Indiensopleiding en Ontwikkeling van onderwysers is 'n integrale deel van professionele ontwikkeling van onderwysers en is opleidingsaktiwiteit na voordiensopleiding wat plaasvind in die skool of buite die skool, en wat alle onderwysers en skoolhoofde in alle tipes en fases van onderwys betrek, met die eksklusiewe doel die verbetering van die onderwyser se professionele kennis, vakkennis, vaardighede en houdings om sodoende 'n bydrae te kan lewer tot meer effektiewe onderrig van leerders. Die opleidingsaktiwiteit is daarop gerig om in die indiensopleidingsbehoefte van onderwysers en die skool te voorsien (vgl. par. 2.2.1).

1.4.2 Personeelontwikkeling

Fullan (1992:97) beskryf personeelontwikkeling as alle aktiwiteite en prosesse wat ten doel het die verbetering van die individu se vaardighede, houdings, kennis en werkprestasie in huidige werkomstandighede of vir loopbaanontwikkeling om in die skool en die gemeenskap se behoeftes te voorsien.

1.4.3 Skoolontwikkeling

Skoolontwikkeling word beskryf as 'n proses van sistematiese veranderinge in skole wat die skool se kapasiteit en prestasie verhoog ten einde daar te stel 'n skoolontwikkelingsplan wat voorsiening sal maak vir geleentheid tot deurlopende ontwikkeling en verbetering in die leeromgewing (Fullan, 1992:111).

1.4.4 Die konsep: Lewenslange leer en ontwikkeling

Lewenslange leer is meer as net observasie dat leer en ontwikkeling toevallig plaasvind en dat leer beperk is tot skole en instansies vir verdere opleiding. Lewenslange leer is gekoppel aan permanente leer en ontwikkeling en is verwant aan deurlopende professionele ontwikkeling (DPO) van die onderwyser. Lewenslange leer het te make met die deurlopende verfrissing en opskerping van bestaande professionele en vakkennis, professionele vaardighede, die aanleer en toepassing van nuwe kennis, vaardighede, houdings en, indien nodig, die heropleiding van onderwysers om aan te pas by veranderde onderwyseise (Sutton, 1994:3417).

1.4.5 Klaskamergerigte Prestasiebestuuranalise (KPA)

KPA is 'n natuurlike uitvloeisel van DPO en skoolontwikkelingsplanne wat ten grondslag het die verbetering van kwaliteit onderwys aan die leerders. Die kern van KPA is 'n bepaling van skool- en onderwyserbehoefte, die analisering en prioritisering van die behoeftes en die ontwikkeling van programme om in die behoeftes te voorsien (Jones, 1993:14).

1.4.6 Deurlopende Professionele Ontwikkeling (DPO) van onderwysers

Deurlopende Professionele Ontwikkeling (DPO) van onderwysers is 'n doelgerigte en deurlopende proses wat insluit die identifisering van onmiddellike en antisiperende behoeftes van onderwysers en wat aangespreek moet word deur konsultasie en die formulering van 'n strategiese plan om sodoende onderwysers professioneel te bemagtig, en te ontwikkel tot werktevrede produktiewe onderwysers met 'n loopbaanvisie (vgl. par. 3.2.1).

1.5 Hoofstukindeling

Hoofstuk 1: Inleiding en probleemstelling.

In hierdie hoofstuk is gebruik gemaak van die navorsingsprobleme en navorsingsdoelwitte om 'n oorsig te gee van wat met die navorsing bereik wil word.

Hoofstuk 2: Skoolgebaseerde, Skoolgerigte Indiensopleiding en Ontwikkeling van Onderwysers (SIDOO): Die praktyk en inhoud daarvan as basis van Deurlopende Professionele Ontwikkeling (DPO) van onderwysers.

In dié hoofstuk word die konsep SIDOO en aanverwante konsepte soos effektiewe onderwys, skoolontwikkeling en bemagtiging en kapasiteitbou van onderwysers verklaar. Duidelikheid met betrekking tot die konsepte vergemaklik die verdere betekenis van die hoofstuk veral met betrekking tot die verduideliking waarom SIDOO-programme vir onderwysers noodsaaklik is, die doelstellings van SIDOO-programme en die interne en eksterne faktore wat effektiewe SIDOO van onderwysers beïnvloed. Daar is ook gefokus op die aanwending van die bemagtigde onderwyser om as agent van verandering, verandering in die skool te stimuleer en te ondersteun. Die bydrae en belangrikheid van die professionele onderwysersentrum in SIDOO is ook ondersoek.

Hoofstuk 3: Die bemagtiging van onderwysers deur Deurlopende Professionele Ontwikkeling (DPO) binne die raamwerk van 'n Professioneel Ontwikkelende Skool (POS).

In die hoofstuk is die begrip en kenmerke van DPO verklaar en is ook gekyk na die verskillende benaderings tot DPO en hoe DPO onderwysers bemagtig vir hulle onderwystaak. In dié hoofstuk is DPO ook meer prakties van toepassing op skole gemaak deur riglyne te verskaf ten opsigte van die ontwikkeling van 'n skoolontwikkelingsplan, 'n beskrywing van die werk van 'n skool professionele

ontwikkelingsbeampte en verskeie modelle vir DPO-programme en leeraktiwiteite.

Hoofstuk 4: Empiriese studie.

Hierdie hoofstuk het sluit in die ontwikkeling van 'n vraelys om die menings van onderwysers in skole in Mpumalanga in te win met betrekking tot hulle persepsies, gevoelens, ervaringe en houdings ten opsigte van indiensopleidingsprogramme oor die algemeen en meer spesifiek hulle persoonlike menings met betrekking tot skoolgebaseerde SIDOO-programme. Nadat die vraelyste herwin is, is 'n rekenaarprogram gebruik om die statistiese verwerkings te doen. Elke vraag is statisties ontleed en in tabelvorm weergegee en gevolg deur afleidings.

Hoofstuk 5: Skoolgebaseerde SIDOO: 'n Model van waardetoevoeging vir onderwysers.

In dié hoofstuk is 'n skoolgebaseerde SIDOO-model van waardetoevoeging ontwikkel met die literatuurstudie en empiriese studie as grondslag.

Hoofstuk 6: Samevatting en Bevindings.

Ten slotte word 'n beskouing gegee van die struktuur en inhoud van die afgehandelde navorsingstudie. 'n Samevattende evaluering en bevindinge word gegee asook moontlike voorstelle vir die Suid-Afrikaanse onderwyskonteks. Moontlikhede vir verdere navorsing voortspruitend uit die afgehandelde studie word aangedui.

1.6 Samevatting

As inleidende hoofstuk is daar aandag gegee aan die problematiek wat ervaar word in skole met betrekking tot die indiensopleiding van onderwysers. Deur die beredenering van die problematiek is navorsingsprobleme geformuleer wat aanleiding gegee het tot die formulering van navorsingsdoelwitte wat in die opeenvolgende hoofstukke nagevors gaan word.

Inleiding en probleemstelling

Vervolgens word in Hoofstuk 2 gefokus op skoolgebaseerde, skoolgerigte indiensopleiding en ontwikkeling van onderwysers (SIDOO) en die praktyk en inhoud daarvan as basis van deurlopende professionele ontwikkeling (DPO) van onderwysers.